

VERWOND TOT VERWONDERING

DIE SEWE OPSTANDINGSWOORDE VAN JESUS

Johannes 20:17-18

¹⁷Jesus sê toe vir haar: “Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: ‘Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.’” ¹⁸Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: “Ek het die Here gesien!” En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.

Vandag die derde woord of sin na die opstanding en sommer net vir interessantheid:

- Eerste drie woorde na opstanding word uitgespreek binne die eerste paar minute nadat Jesus opgestaan het.
- Die volgende twee woorde (sinne 4 en 5) Johannes 20:19, word uitgespreek die Sondagaand van opstanding Sondag.
- Die laaste twee woorde of sinne (sinne 6 en 7) Johannes 20:26 word agt dae later uitgespreek.

Die hele Christelike geloof met vier woorde opgesom kan word en al vier hierdie woorde kom voor in die derde opstandingswoord.

- 1) Kom,
- 2) kyk,
- 3) gaan,
- 4) vertel.

1. Kom:

As Jesus vir Maria op haar naam noem roep, roep hy haar – kom! Die Christelike geloof is 'n uitnoodigende geloof.

Hierdie uitnodigende woord “kom” kom meer as 600 maal in die Bybel voor. Dit is asof die Bybel wil seker maak dat ons sal weet God kom sê vir ons: “Ek nooi jou uit, Ek wil jou graag ken. Ek wil met jou 'n verhouding hê”. Die twee bekendste tekste van uitnodiging is seker:

- Jesaja 55:1: “Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.”
- Matteus 11:28: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee”.

2. Kyk:

Maria getuig teenoor die dissipels: Ek het die Here gesien.

Ons maak 'n baie groot fout om te dink die Here het die klip weggerol sodat Hy uit die graf kon kom nie. Die klip word weggerol sodat ons in die graf kon inkom om te sien Hy is nie meer daar nie.

Die Christelike geloof is 'n uitnoodigende geloof, maar ook 'n geloof wat niks wegsteek nie en almal uitnoodig – kom kyk.

Net in die verhaal lees ons hoe God vir elke persoon met hulle eie persoonlikhede ruimte gee om te kom kyk, en dan op hulle eie tyd tot die slotsom te kom dat Hy werklik opgestaan het.

Maar dit is nie waar die Christelike geloof stop nie.

“Turn fascination into proclamation!”.

3. Gaan

Ons lees die eenvoudige woord in Johannes 20:18 – Maria het toe gegaan.

Die opstanding van Jesus laat ons opstaan, want ons kan net nie die goeie nuus vir onself hou nie. Maria is die eerste getuie van alle getuies. Sy staan op en gaan vertel.

4. Vertel:

Maria word die engel wat die goeie nuus van ons geloof oordra.

Ons roeping is dus nie –

- “doing community in the church” nie, maar eerder
- “doing church in the community”

Kom ons nooit mense uit om te **kom kyk** en mag hulle ook vir God **sien** en **saamgaan** en vertel van die opgestane Here Jesus.

Ons deel met mekaar

1. Deel met mekaar 'n storie toe jy goeie nuus ontvang het (jy het jou graad gekry, of julle het gehoor julle is swanger, of...).
2. Deel ook met mekaar wat jou emosies was toe jy die goeie nuus gehoor het.
3. Geleerdes sê ons kan die christelike geloof met 4 woorde opsom naamlik: kom, kyk, gaan, vertel. Hoe dink julle oor die opsomming?
4. Die beste goeie nuus nog ooit was en is die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Wat is julle emosies oor die nuus?
5. Gesels saam oor hoe ons vandag die goeie nuus van Jesus se opstanding met mense kan deel.
6. Bid saam dat ons mense kan wees wat gaan en gaan vertel van die goeie nuus dat Jesus vir alle mense kom sterf het.